21 Januarie 2010

OUEROMSENDBRIEF 2/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

Wanneer my kind in die skool is, speel verskeie vermoëns, (grootspier, kleinspier) geheue en visuele diskriminasie (deur oë te onderskei, ooreenkomste en verskille raaksien) 'n rol. Dit geld deur die laerskool, vanaf Graad R waar grootliks die grondslag gelê word vir latere ontwikkeling.

Soos wat die kind opgroei word mettertyd nie noodwendig na bogenoemde begrippe verwys nie, eerder na akademie, sport en kultuur. Algaande ontwikkel die kind insig oor die wêreld waarin hy/sy hul bevind en elkeen word 'n leier in eie reg.

Spreuke 17:22 sê: 'n Vrolike mens is 'n gesonde mens .....

In Bakenkop wil ons vrolike kinders help ontwikkel wat presteer as leiers, akademies, op sportveld en in kultuur aktiwiteite.

Mag 2010 vir ons almal 'n vrolike jaar wees.

2. DIE JAAR 2010 EN NUWE INTREKKERS

Baie welkom aan die nuwe intrekkers. Kom woon die funksies by, knoop geselsies aan, koop 'n Juanita du Plessis kaartjie en geniet 'n aangename jaar by Laerskool Bakenkop. By Laerskool Bakenkop sal u goeie vriende maak.

3. DIE MISSIE VAN DIE SKOOL IS

Om die leerders christosentries te onderrig en op te voed, sodat hulle vaardig en diensbaar is.

3.1 Die skoolopening op Woensdae word gedoen met skriflesing en gebed, soos in die missie weerspieël. Voorts word die dag se aktiwiteite daagliks met skriflesing maar beslis met gebed geopen en afgesluit. Ook ander geleenthede word met skriflesing en gebed geopen.

Indien u as ouer/voog nie wil hê u kind die godsdiensafsluiting- en openinge in klaskamers en saal en ander geleenthede bywoon nie, voltooi asb. die skeurstrook sodat die skool alternatiewe reëlings met u kind kan tref.

3.2 Die alternatiewe reëlings is:

3.2.1 Leerders gaan nie na saal terwyl skriflesing en gebed plaasvind nie, hul gaan wel na die mediasentrum waar 'n onderwyser oor hul sal toesig hou.
3.2.2 U is self ook welkom om vir die tyd met hul 'n eie geloofsakwititeit in die mediasentrum te beoefen (± 10 minute).
3.2.3 Na die opening bring die onderwyser(-es) die leerders na die saal vir die res van die saalaktiwiteite.
3.2.4 Voltooi asseblief meegaande skeurstrokie en stuur dit na die klasonderwyser sodat die skool bewus kan wees wie die leerders is wat in die mediasentrum moet vergader vir eie godsdiens beoefening.
3.2.5 Bogenoemde leerders wat nie aan die opening en afsluiting in klasse wil deelneem nie, is welkom om tydens die eerste en laaste vyf minute (5) van die dag ook na die mediasentrum te gaan om hul eie opening/afsluiting te hou, indien hul en u as ouer dit verkies.

4. PARKEEROEFENINGE OP PARKEERTERREIN
Ouers word gevra om geduldig te wees met die parkeeroefeninge op die parkeerterrein. Deel van die inkomste wat daaruit genereer word, kom die skool toe en sal gebruik word om die wag te betaal.

3. ONDERRIGGELDE VIR 2010

Die resolusie wat die ouers oor besluit het vir befondsing 2010 sluit die volgende in:

Graad 1-7 - R6 490.00 per jaar : R590.00 x 11 maande
Graad R - R6 710.00 per jaar : R610.00 x 11 maande

Min: 7,5% vir volle vereffening voor of op 1 Februarie 2010.

Min: 5% vir persone wat per debietorder betaal.

Naskool - R28.00 per dag.

4. ONDERRIGGELDE KOEVERTE

Ouers/Voogde kan die skoolgelde op die volgende wyses betaal:

1. **Voltooi 'n debietordervorm wat by die skoolkantoor beskikbaar is.**
2. **Betalings kan elektronies in die skool se rekening inbetaal word. Bankbesonderhede is by die skoolkantoor beskikbaar.**
3. **U kan ook van 'n koevertjie stelsel gebruik maak, waarin die geld geplaas word en maandeliks skool toe gestuur word. Die koeverte word soggens met registerperiode in skoolkantoor-voorportaal in goue gleuf langs gangdeur gegooi. Kantoorpersoneel help graag leerders wat onbekend is met die prosedure, hiermee .**
   Twee persone, elk met 'n eie afsonderlike sleutel sluit die geldkas oop, vir sekerheidsdoeleindes. Die twee persone tel ook die geld saam om foute met geld tel te voorkom.

Voltooi asseblief die skeurstrokie en dui u keuse van betaling aan.

4. MATRIEKS 2009

Baie geluk aan alle oud-Bakies wat matriek geslaag het.
Baie geluk aan Jaretha Lombaard met die sewe onderskeidings. Ons is trots op jou.

5. SENIOR KOOR

Leerders wat gekeur is om in 2010 deel te wees van die koor sal elkeen 'n brief ontvang.

Leerders wat nie gekeur is nie, maar deel wil wees van die koor, moet met juffrou Mandi Kotze kom reël vir 'n stemtoets.
Ons eerste oefening is Woensdag, 27 Januarie 2010, gewone tyd 16:00 tot 17:30 in die skoolsaal.

<u>Datums wat reeds beskikbaar is</u>:

Saterdag	**-**	**27 Februarie**	**-**	**Oefen en pretdag.**
Donderdag	**-**	**22 April**	**-**	**Notepret aand.**
Woensdag	**-**	**19 Mei**	**-**	**Autumn Concert saam met Jakaranda Kinderkoor.**
Woensdag	**-**	**2 Junie**	**-**	**Kultuu aand by ons skool.**

6. TOETSROOSTER : 1STE KWARTAAL 2010

Die toetsrooster vir kwartaaltoetse is reeds publiseer en aan leerders uitgedeel. Vergewis u asb. daarvan.

Vriendelike groete

_____
J.W.C. SCHEEPERS
HOOF